# PROF. DR. JOHANNES CHRISTIAAN COETZEE, M.A. M.Ed. D.Phil. (S.A.), F.B.Ps.S., AS AKADEMIKUS

---

**Inleidend.**

Om in die bestek van 'n kort artikel soos hierdie prof. Coetzee as akademikus tot sy reg te laat hom, is beslis 'n onbenydenswaardige taak. Indien ek hier slegs sy publikasies sou opnoem, sou daar nie vir veel meer plek oorbly nie. En eintlik kan 'n mens eers dan 'n oorsig van sy veelsydigheid en deeglikheid op hierdie gebied verkry as hy hierdie publikasies noukeurig ontleed het. Ek hoop om my indruk grootliks daarop te baseer, en ek verwys graag die belangstellende leser na 'n publikasie van die P.U. vir C.H.O. in 1951 met sy selfstandigwording onder die titel **Gedenkprogram.** Daarin is 'n rubriek „Ons Publikasies" met o.a. 'n volledige lys van prof. Coetzee se werke tot op daardie datum deur homself opgestel, elke jota en tittel korrek—tiperend van ons jubilaris. Verder sal ek egter ook gebruik maak van kennis in persoonlike verhoudinge met hom opgedoen. Dit sal dit egter nog nie makliker maak om my taak uit te voer nie, aangesien ek in die posisie van die leerling tot sy leermeester staan. Maar daar is darem een ligstraal in hierdie saak, en dit word deur prof. Coetzee en sy werk self meegebring: hy en sy werk is so afgemete, hy het so'n duidelike spoor in die Afrikaanse opvoedkunde getrap dat hy orals duidelik raakgesien word, dat sy werk sonder moeite onderskei en onderken kan word. Indien ek daarin kan slaag om u enigsins 'n indruk van hierdie persoon met 'n prestasie wat in alle oprigte individueel is, te gee, dan ag ek my opdrag as uitgevoer.

Getrou aan die les wat prof. Coetzee my in leer en lewe geleer het, wil ek probeer om aan die hand van die volgende paragrawe 'n oorsig van hom as akademikus te gee: sy persoon, student-dosent, erkenning, publikasies, „eieheid" en nabetragting.

**Persoon.**

In die persoon van Johannes Christiaan Coetzee vind ons die samevoeging van verskeie voortreflike karaktertrekke en eienskappe wat hy onder jarelange selftug sodanig gedissiplineer het dat hy in staat was om in 'n betreklik korte tydsbestek verbasend veel op akademiese gebied te presteer. Van sy Skepper het hy 'n helder verstand en 'n lang geheue ontvang; Hy het hom vrome ouers gegee van wie hy sy eie diepe geloofsortuiging ontvang het; Hy het hom in 'n wêreld van droogtes en natuurgeweld laat grootword, vanwaar hy sy taaiheid en moed ontvang het. En dan het God hom nog die uitnemende gawe geskenk om van dit alles die volste gebruik te maak;

hy het gewoeker met sy talente en dit as lewensnoodsaaklik beskou om na die beste van sy vermoë sy Skepper te dien. Vir hom was dit nie nodig om vrae aangaande homself en sy werk te stel nie: sy koers het duidelik voor hom gelê, en sy toerusting was daar; hy moes net voort.

Prof. Coetzee is inderdaad tot vandag toe 'n eenrigting-mens in diens van God deur die naarstige beoefening van die wetenskap van die opvoeding. En op hierdie koersvaste baan het hy in sy gang met hom meegeneem al sy nougesette pligsvervulling op 'n veelheid van terreine tot diens van sy naaste.

**Student-dosent.**

In sy jeug het prof. Coetzee een na die ander graad verwerf en daarmee 'n veelsydigheid van akademiese toerusting bekom: taalkundig (modern en klassiek), histories, matematies, natuurwetenskaplik, teologies, wysgerig en, les bes, opvoedkundig. Vir hom was dit nie moeilik om sy lewenstaak te kies nie: die wetenskap van die opvoeding was in sy vaderland, en trouens in die hele destyds beskaafde wêreld, nog in sy kinderskoene, en dit was 'n uitdaging vir hierdie jong student; dit het hom gelok tot ontginning, tot uitbouing van daardie wetenskap wat meteens van besondere waarde vir sy volk in heel besondere omstandighede sou wees. Nog voordat die twee jong Afrikaanse republieke tot 'n hegte onderwysstelsel sou hom, het die driejarige oorlog hulle in die grond geboor, en toe die Afrikanervolk nog orent gebeur het, het 'n wêreldoorlog sy ploegvore oor hom getrek. En dis in hierdie jare wat student Coetzee hom in alle erns aan sy lewenstaak begin wy het. In 1925 het hy professor in die opvoedkunde aan sy alma mater, die P.U.K. vir C.H.O., geword, en van nou af kon hy hom rustig aan die uitbouing van die wetenskap van die opvoeding gee.

Prof. Coetzee is inderdaad dosent by uitnemendheid—daarvan kan die letterlik honderde studente getuig wat in die afgelope 28 jaar die voorreg gehad het om sy kolleges by te woon. Die gawe om helder, rustig, sistematies sy vak vir studente uiteen te sit, is die resultaat van nougesette studie en navorsing. Soos die navorser sy probleem stap vir stap blootlê, so gaan sy studente sistematies, nugter voor in sy vak, sodat hulle langsamernand onbewus dieselfde deeglike houding teenoor hulle werk aankweek. Dit het die studente dan ook altyd van hulle leermeester besef, nl. dat 'n mens nooit afgestudeer raak nie. Hy het nooit 'n stadium in sy doseerwerk bereik waarop by hom op sy verworwe kennis gaan terugtrek en teer het nie.

**Erkenning.**

Die uitgebreide akademiese werk van prof. Coetzee moes noodwendig die aandag van die land op hom vestig, sodat by vandag wye erkenning in opvoedkundige kringe geniet. Van alle kante word daar gebruik gemaak

van sy kennis oor opvoedkundige sake—hy is o.a. lid van die Onderwysraad van die Transvaalse Onderwysdepartement; onderwystydskrifte en onderwysersverenigings raadpleeg hom oor allerhande opvoedkundige probleme, prakties sowel teoreties—en veral word by ook erken as kundige navorser daarin dat hy lid van die Navorsingsraad (N.R.S.N.), 'n regeringsliggaam, is.

Maar sy bekendheid het al ons landsgrense oorskry ook. In Nederland en in bepaalde kringe in Amerika word daar rekening met sy pedagogiese bydraes gehou, en as erkenning van sy akademiese werk het die British Psychological Society die Fellowship van hierdie organisasie aan hom toegeken. Hierdie man het inderdaad op sy terrein 'n groter formaat as die nasionale aangeneem.

**Publikasies.**

Prof. Coetzee se publikasies in sy vak kan in vier rubrieke ingedeel word: monografieë, artikels in versamelwerke, artikels in wetenskaplike tydskrifte en artikels in ander tydskrifte. Uit die inhoud daarvan blyk dit baiduidelik dat ons hier te doen het met 'n beoefenaar van al die vertakkinge van die pedagogiek. Daar is werke oor die vier hoofvertakkinge van die wetene skap van die opvoeding, tw. die teoretiese, die praktiese, die historiese en die empiriese, en oor elkeen van hierdie terreine het hy 'n handboek saamgestel. Verder is daar studies en navorsingswerk oor 'n hele aantal besondere aspekte van hierdie vier vertakkinge, oor 'n hele aantal metodieke, oor probleme van die dag t.o.v. die onderwys, oor die inhoud van skoolvakke, handboeke vir skoolgebruik, ens., ens. Selfs oor aanverwante terreine van die suiwer pedagogiek het prof. Coetzee gepubliseer.

En dan is daar nog 'n vyfde rubriek in die bogenoemde publikasie waarin opgeneem is die navorsingswerk van prof. Coetzee se studente onder sy leiding vir meesters-en doktorsgrade. Ook hulle het in 'n veelheid van rigtings in die opvoedkunde gewerk. Een ding word hieruit, net soos uit sy eie publikasies, duidelik en dit is dat hierdie promotor by uitnemendheid 'n besonder belese en gestudeerde persoon moet wees om die leisels in al hierdie rigtings te kan hou. Dit val te meer op as ons in gedagte hou dat dit vandag meer en meer die gebruik word dat beoefenaars van die pedagogiek hulle op slegs een van die vier hoofrigtings toelê omdat die terrein vir meerdere beoefening te uitgebreid geword het. En nog hou prof. Coetzee hom op hoogte van al die vertakkinge van hierdie wetenskap.

Die verskillende hoofterreine van die opvoedkunde verskil sodanig dat elk sy eie metodes van navorsing het. Deurdat prof. Coetzee almal

beoefen, moes by ook al daardie verskillende metodes bemeester en eerstehands toepas; daar is die metode van deurdenking, die metodes van die empiriese wetenskappe, van die historiese en die praktiese. En in sy toepassing van watter een van die vele het hy steeds die hoogste eise van noukeurigheid gestel, vir homself sowel as vir sy studente. Daardeur was hy dan ook in staat om 'n standaard van deeglikheid te stel wat enige universiteit tot eer sal strek.

Net so kan ons ook stel dat hy in die interpretasie van sy feite en bevindinge steeds die strengste wetenskaplike toetse aangelê het. Noukeurig, afgemete en in 'n eie skryfstyl, wat in klaarheid hierby aansluit, word die nugtere afleidinge en gevolgtrekkinge gemaak, sonder ophef of emosionele opwinding. Hy bly steeds die beheerste wetenskaplike wat die waarheid van die saak waarom dit gaan, wil laat spreek.

**„Eieheid'?**

Om nou hierdie omvattende werk van prof. Coetzee na waarde te skat, is geen geringe taak nie. Wat in die eerste plek in gedagte gehou moet word, is dat die stand van die wetenskap van die opvoeding, veral in ons land, sodanig was dat daar van Afrikaanse kant nog geen duidelike formulering van die terrein en die probleme van hierdie wetenskap was toe hy hom op hierdie gebied begeef het nie. Sy omvattende en noukeurige formulering in Afrikaans van die wetenskap van die opvoeding op suiwer akademiese wyse moet dan as sy eerste bydrae beskou word. En dit is voorwaar geen geringe prestasie nie, veral as ons let op die wyse waarop by dit gedoen het. Hy het die riglyne duidelik getrek en op deurtastende wyse elke terrein van die opvoeding helder gestel.

Maar ons moet hierin nog 'n stap verder gaan: sy formulering hou 'n eie sisteem in. Om maar een voorbeeld ter verduideliking te gee. In die Empiriese Opvoedkunde heers daar tot vandag toe in opvoedkundige kringe 'n taamlike mate van verwarring. Wat hy reeds tien jaar gelede hieroor ten beste gegee het, word vandag meer en meer ook die bevinding van ander denkers en skrywers. Hierdie selfde nugterheid en helderheid van insig tref ons ook in sy formuleringe op die ander terreine van ons wetenskap aan.

Ten derde moet ons opmerk dat in al hierdie werk prof. Coetzee sy eie lewens- en wêreldbeskouing indra en handhaaf. Hy is deurgaans bewus van die wysgerige en godsdienstige grondslag waaruit hy leef en waarop hy staan. Hy betwis nie soseer die andersdenkende nie as wat by positief sy eie stel. Hy is Calvinis, en dit spreek uit al sy wetenskaplike werk. Dat die opvoedkundige denke van sy stam- en geloofgenote in Nederland 'n groot invloed op hom gehad het en bevrugtend op hom ingewerk het,

spreek vanself—hy bely dieselfde beginsels as hulle, en daarom kan ons dit nie anders verwag nie. Maar nou moet onmiddellik daarby gemeld word dat toe prof. Coetzee hom op hierdie wetenskap begin toelê het, ook dáár die wetenskap van die opvoeding nog heeltemal in sy kinderskoene gestaan het. Saam met hierdie geesgenote het by gearbei aan die wetenskapsgebou. Calvinis is hy soos hulle, maar ek sou die by-kwalifikasie daarby wil plaas: Afrikaanse Calvinis. En dit het sy beteknis, veral op 'n terrein soos die onderwys. En hierdie „eieheid" openbaar hom die duidelikste in prof. Coetzee se formulering van die C.N.O.-beleid.

As laaste en hoogste akademiese bydrae van prof. Coetzee beskou ek juis die C.N.O.-beleid waartoe by gekom het. Vir die nasionale Afrikaner is hierdie teorie en praktyk die enigste gangbare onderwysstelsel. Deur sy wye studie op die gebied van die algemene pedagogiek en op die gebied van die Afrikanase skoolwese en die algemene Afrikaanse volksaard, deur sy innige liefde vir en intieme saamlewe met sy volk in wel en wee, deur sy groot lewensernsen deur die dertigjarige deurdenking van hierdie probleem was hy in staat om die eg–Afrikaanse op te vang en kernagtig, duidelik, prakties te stel, nie as 'n denkbeeldige utopie vir radikaliste nie, maar as 'n werklikheid vir die egte Afrikaanse Calvinis. Indien hierdie bydrae, so kernagtig in sy „Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek" saamgevat, prof. Coetzee se enigste akademiese bydrae was, dan is ek nog daarvan oortuig dat sy naam vir goed in die geskiedenis van die opvoeding hier te lande sal staan.

**Nabetragting.**

Prof. Coetzee het nou die leeftyd bereik waarop die meeste mense hulle lewenstaak neerlê om 'n rustige lewenskemer te geniet—party in ledigheid en ander in gemoedelike besigwees met een of ander tydverdryf. Hy het ook sy vaste dienstermyn beëindig. Maar vir hom is dit 'n nuwe begin op sy ou lewenspad: prof. Coetzee is deur die Universiteit vir 'n verdere vyf jaar as professor in die opvoedkunde benoem. Dat hy teenstrydige gevoelens op hierdie tydstip ondervind, bly geen twyfel nie, maar een ding staan daar vir hom vas, en dit is dat sy taak en roeping in diens van die wetenskap van die opvoeding, en so in diens van God, nog nie afgeloop is nie. En gelukkig vir die Afrikaanse volk, en met name die Calvinistiese Afrikanerdom, omdat hy nou die leeftyd van die „ware" wysheid bereik het. Van hom kan en sal nog veel gebruik gemaak word deur 'n jong wetenskap en 'n jong volk.

Ooreenkomstig sy aard en verlede wens ons prof. dr. J. Chris Coetzee nog 'n lang en vrugbare lewe in sy grysheid toe.

H. J. J. BINGLE.